Help spaar

Ons **mees kosbare** bron van lewe

INTERESSANTE FEITE

KAN WATER OPRAAK?

70% van die aarde se oppervlak is met water bedek.

97% van die water op aarde is soutwater wat in seë en oseane voorkom.

Slegs **1%** van alle water op aarde is vers en beskikbaar. Die res van die vers water is gevries in gletsers.

Hoekom is daar 'n waterkrisis?

Ons gebruik water elke dag, heel dag: om te drink, skoon te bly, tuin te maak, te boer en om produkte in fabrieke te vervaardig.

Oorbevolking is een van die groot redes vir ons planeet se waterkrisis. Daar is tans meer as 7 miljard mense op aarde, en almal het water nodig.

'n Gesin van vier spoel plus minus 100 000 liter water per jaar in die toilet af.

'n Kraan wat slegs een keer per sekonde drup, kan 11 000 liter water per jaar mors.

Tot 70% van alle afval wat fabrieke produseer, beland op die ou end in die aarde se watervoorraad. Byna 6 miljard kilogram afvalmateriaal, waarvan die meeste plastiek is, beland elke jaar in die wêreld se oseane.

Riool beland ook in damme, riviere en in die see. Dit bevat giftige stowwe en kieme wat die water skadelik vir mense en diere maak.

Tot 15 000 mense sterf elke dag weens waterbesoedeling. Besoedelde water veroorsaak wêreldwyd siektes soos diarree en cholera.

Kyk hoe mors ons ...

Ongeveer 1 liter water word gebruik om die plastiekbottel te vervaardig waarin jy 500 ml gebottelde water koop.

Amper 7 000 liter water word gebruik om genoeg katoen te kweek vir een denimbroek.

Water is selfs nodig om elektrisiteit op te wek en brandstof te vervaardig. Dit beteken elke keer as jy 'n lig aanskakel of in 'n motor ry, gebruik jy indirek water.

WATERWENKE

- Stort eerder as om te bad.
- Draai die kraan toe terwyl jy tande borsel.
- Moenie groente en vrugte onder 'n lopende kraan afspoel nie. Was dit in 'n bak vol water.
- Gebruik 'n emmer in plaas van 'n tuinslang om die motor te was.
- Moenie sneesdoekies in die toilet afspoel nie. Gebruik die vullisblik daarvoor.
- As 'n stort, kraan of toilet lek, vra jou ouers om dit reg te maak.
- Vang reënwater in emmers op en gebruik dit om potplante nat te gooi.
- Lei die tuin saans teen skemertyd of soggens vroeg nat.
- Herwin produkte soos glas, papier en plastiek. Miljoene liters water word elke dag gebruik om dié produkte te vervaardig.